



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V3

NOVEMBER 2018

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel		(50)
AFDELING B: Langer Transaksionele Tekste	(2 x 25)	(50)
2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. gebruik 'n breinkaart/diagram/vloeydiagram/kernwoorde), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.
7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

AFDELING A: ongeveer 80 minute
AFDELING B: ongeveer 70 (2 x 35) minute
8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Die huis met die rooi dak se geheim(-e) [50]

1.2 Onregverdigheid lei tot groot hartseer. [50]

1.3 Die storm se krag ... [50]

1.4 *Dis 'n land van kleur en klank.* [50]

1.5

die suidoostewind blaai die dae
al haastiger om
sodat ons by die laaste
hoofstuk – herfs – kan kom
[Verwerk uit: *Seisoenlektuur* – Daniel Hugo]

 [50]

1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.


1.6.1



[Bron: <https://www.colourbox.com>]

[50]


1.6.2



[Bron: <https://www.colourbox.com>]

[50]

1.6.3



[Bron: <https://dreamstine.com>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het onlangs fantastiese nuus gekry, maar jy mag dit om bepaalde redes nog nie bekend maak nie. Jy bars van opwinding en besluit om solank jou beste vriend/vriendin daarvan te vertel.

Skryf 'n informele brief aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar van dié nuus vertel. Skryf ook waarom dié nuus nie bekend gemaak mag word nie. [25]

2.2 FORMELE BRIEF: VERSOEK

Julle matriekgroep het planne om die dorp se strate te verfraai. Daarvoor het julle die munisipale bestuurder se goedkeuring nodig.

Skryf 'n formele brief aan die munisipale bestuurder waarin julle dié planne verduidelik en goedkeuring daarvoor vra. [25]

2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Die redakteur van 'n bekende familietydskrif het jou gevra om 'n artikel te skryf met die titel:

Selfone – 'n noodsaaklike hulpmiddel in die klaskamer?

Skryf die tydskrifartikel. [25]

2.4 CV EN DEKBRIEF

Mercedes Brandt stel belang in die pos as winkelassistent wat in *Die Kwêvoël* van 23 November 2018 (op die volgende bladsy) geadverteer word. Sy voldoen aan al die vereistes vir die pos.

Haar CV (ook op die volgende bladsy) is reeds saamgestel. Jy word gevra om die gepaardgaande dekbrief te skryf.

Skryf haar dekbrief. [25]

Advertensie in *Die Kwêvoël*

Curriculum Vitae

<p style="text-align: center;">POS BESKIKBAAR</p> <p>PostNet Oudtshoorn het 'n pos beskikbaar vir 'n winklassistent wat klante kan help met 'n verskeidenheid van dienste wat PostNet verskaf.</p> <p style="text-align: center;">Vereistes:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Goeie menseverhoudinge • Noukeurigheid • Rekenaarvaardigheid • Goeie spanwerk • Eerlikheid en stiptelikheid <p style="text-align: center;">Belangstellendes kan 'n CV en dekbriëf stuur na PostNet, Winkelstraat 16, Oudtshoorn, 0018.</p> <p>Aansoeke sluit om 12:00 op 25 Januarie 2019.</p> <p style="text-align: center;">POSTNET</p>	<p style="text-align: center;">MERCEDES BRANDT <i>Springbokstraat 7</i> <i>Pofadder</i> <i>4071</i></p> <hr/> <p>WERKSGESKIEDENIS</p> <ul style="list-style-type: none"> - Verkoopsassistent by Edgars Julie 2018 tot November 2018 - Assistent by die Klokkie Kleuterskool April 2018 <p>SKOOLOPLEIDING</p> <table style="width: 100%;"> <tr> <td>Hoërskool Pofadder</td> <td style="text-align: right;">2013 tot 2017</td> </tr> <tr> <td>Hoogste kwalifikasie</td> <td style="text-align: right;">Nasionale Senior Sertifikaat (2017)</td> </tr> </table> <p>Vakke</p> <p>Afrikaans Huistaal Engels Eerste Addisionele Taal Wiskundige Geletterdheid Lewensoriëntering Toerisme Besigheidstudies Rekenaartoepassingstegnologie</p> <p>REFERENTE</p> <table style="width: 100%;"> <tr> <td>Me. Sophia Brown (Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)</td> <td style="text-align: right;">082 001 2345</td> </tr> <tr> <td>Mnr. Sol Sekhu (Bestuurder, Edgars)</td> <td style="text-align: right;">071 456 7893</td> </tr> </table>	Hoërskool Pofadder	2013 tot 2017	Hoogste kwalifikasie	Nasionale Senior Sertifikaat (2017)	Me. Sophia Brown (Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)	082 001 2345	Mnr. Sol Sekhu (Bestuurder, Edgars)	071 456 7893
Hoërskool Pofadder	2013 tot 2017								
Hoogste kwalifikasie	Nasionale Senior Sertifikaat (2017)								
Me. Sophia Brown (Skoolhoof, Hoërskool Pofadder)	082 001 2345								
Mnr. Sol Sekhu (Bestuurder, Edgars)	071 456 7893								

[25]

2.5 **INFORMELE VERSLAG**

Die skool het aan die einde van die kwartaal 'n pretdag vir die leerders gehou.

Na afloop van die dag word jy gevra om 'n informele verslag vir die reëlingskomitee saam te stel oor die sukses van dié dag.

Skryf die informele verslag.

[25]

2.6 **ONDERHOUD**

'n Bekende sport-/musiekster besoek julle skool. Jy het die voorreg om vir jul skoolkoerant met hom/haar 'n onderhoud te voer oor die grootste struikelblok wat hy/sy in sy/haar lewe oorkom het.

Skryf die onderhoud.

[25]

TOTAAL AFDELING B: 50
GROOTTOTAAL: 100